

9 April

Skrifgedeelte: Spreuke 30:24-28

Fokusgedeelte: Spreuke 30:24

Wysheid is om die Here se gawes te gebruik

Die Spreukedigter gebruik 'n getallegespreuk om daarop te wys dat wysheid te vind is in wat die Here gegee het eerder as die dinge wat vir die wêreld belangrik is. Hierdie vyf verse verwys moontlik na die derde persoonstipe beskryf in verse 11-14, naamlik mense wat vol hoogmoed en eiewaan is. Vir so 'n mens sou die klein skepseltjies wat in ons teksgedeelte genoem word, van min belang gewees het, hulle bydrae tot enigiets weglaatbaar klein.

Tog prys die Spreukedigter hulle vir hulle buitengewone wysheid. Hulle is inderdaad klein en het min krag in vergelyking met ander diere en insekte, maar daar is by hulle geen tekort aan wysheid nie! Hulle skiet tekort in dié dinge wat vir die wêreld belangrik mag wees, maar het 'n onaantasbare voordeel in dit wat vir die Spreukedigter voorop staan: wysheid is om die Here se gawes te gebruik.

Die mier is nie sterk nie en tog weet hy dat hy kos vir die winter bymekaar moet maak. Dassies is nie sterk nie, en tog weet hulle dat hulle net kan oorleef as hulle hoog teen die kranse woon. So kan hulle hul liggaamstemperatuur beheer, en hulle vyande op 'n afstand hou. Sprinkane het nie 'n koning nie, en tog weet hulle dat hulle oorlewing in getalle lê. Daarom vlieg hulle in groot swerms, en weet elkeen waar sy plek is. 'n Geitjie is 'n diertjie wat mens maklik met jou hand vang, en tog kry mens hom orals. Die suigskyfies aan sy pote maak van hom 'n uitnemende klimmer wat orals indring. Selfs die koning se paleis word nie gespaar nie. So verseker die geitjie sy voortbestaan.

Waarin lê hierdie skepsels se wysheid? In die feit dat hulle dit gebruik wat die Here vir hulle gegee het eerder as dit wat vir die wêreld buitengewoon en belangrik is. Die Here het vir jou gawe(s) van sy Gees gegee (1 Kor. 12). Beskou jy dit as wysheid en gebruik jy dit, of streef jy na wat vir die wêreld belangrik is?

Sing: Psalm 111:1, 4 (2001-omdigting)

Dr. H Goede (Vereeniging-Oos)